# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 27 MAART 2022

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn: Ds. René Potgieter (3)

Lukas 10:38-42 | By my Heer se voete

## FOKUSPROGRAM | OM DIE TAFEL . . .

Kyk gerus na die twee kort inleidende video's oor die fokusprogram wat op al die gemeente se aanlyn platforms beskikbaar is.

- **OM DIE TAFEL SAAM MET JESUS | 6 tot 12 April**

Lees of luister die daaglikse dagstukke wat op Jesus se lydensweg sal fokus – www.stellenberg.co.za, YouTube-kanaal en Facebookblad.

- **OM DIE TAFEL SAAM MET DEON MEIRING**

**Maandag 11 April 19:00 in die kleinsaal**

Deon Meiring, musikant, digter en storieverteller, sluit by ons aan vir tafelgesprekke, sang en vertellings. Verversings word bedien. Kaartjies @ R100 per persoon beskikbaar by Anneke 021 976 4519 of anneke@stellenberg.co.za.

- **OM DIE TAFEL MET GEBED**

**Dinsdag 12 April 18:30 in die gebedskapel**

Kom bid saam om die tafel en luister na kruisgebede.

- **OM DIE LANGTAFEL**

**Woensdag 13 April 19:00 in die markplein**

Kom sluit gerus aan by die langtafelete. Toegang is gratis en ons nooi lidmate om hulle eie piekniekmandjies saam te bring en saam met medegelowiges aan tafel te sit en eet.

- **OM DIE AVONDTAFEL | 14 April 19:00 in die kerk**

Ons herdenk die Avondmaal met die bediening van die nagmaal.

VYFDE LYDENSWEEK


KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

DEUROFFERS

Geen

## BELYDENISAFLEGGING | 22 MEI

Neem asseblief kennis dat daar op Sondag 22 Mei 'n belydenis-afleggingsgeleentheid tydens die Relevantdiens om 18:00 sal wees. Graad 12's wat graag belydenis van geloof wil aflê, moet asseblief die gemeente se webwerf onder die afdeling Relevantbediening besoek vir meer inligting rakende die aansoekproses en die aansoekvorm.

## 'N NUWE VOLTYDSE LERAAR

Die vakature vir 'n voltydse leraar, met die fokus op die jeug, is geadverteer en 'n beroep sal in Meimaand uitgebring word. Lidmate moet asseblief nominasies aan odette@stellenberg.co.za stuur.

## UITREIKE | JUNIE/JULIE

Ons beoog om vanaf 25 tot 30 Junie na Calitzdorp en Beaufort-Wes uit te reik en vanaf 1 tot 6 Julie na Leeu-Gamka. Die koste vir die uitreike beloop onderskeidelik R1 100 en R1 000 per persoon. Inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za. Rig asb. navrae aan sunet@stellenberg.co.za of ds. Why Duvenhage by

## KOFFIE EN KRUMMELS KOFFIEWINKEL

Die koffiewinkel op die kerk se terrein kan op weeksdae vanaf 07:00 tot 17:00, Saterdae vanaf 08:00 tot 13:00 en Sondae vanaf 08:00 tot 17:00 besoek word. Ontbyt, ligte middagetes, 'n verskeidenheid geroosterde broodjies, gebak asook lekker koffie, cappuccino's en ander interessante drinkgoed word bedien.

Die koffiewinkel funksioneer onafhanklik van die gemeente en word deur Jessica en Lionel bestuur.

## DIE GEMEENTE SE TEETUIN EN KAFETERIA

Die gemeente se kafeteria word steeds tydens skoolkwartale, na die oggenddienste, in die markplein aangebied. Kuier gerus in die markpleinarea en geniet 'n cappuccino saam met die heerlike eetgoed wat bedien word. Die teetuin word elke Sondagoggend, ook tydens skoolvakansies en langnaweke, voor die kerk se trappe aangebied. Gratis tee en koffie word daar bedien.

### ANNIBRAND JUNIOR

Kategese-afnaweek

### ANNIBRAND SENIOR

Kategse-afnaweek

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## VATVYF-UITSTAPPIE

Op Woensdag 6 April – 370 jaar nadat Jan van Riebeeck voet aan wal in die Kaap gesit het – besoek ons die geskiedkundige kasteel in Kaapstad. Koste beloop R25 per persoon en die bussie vertrek om 09:00 vanaf die kerk. 'n Restaurant waar verversings gekoop kan word, is beskikbaar. Bespreek asseblief jou plek voor Dinsdag 5 April by Anneke 021 976 4519.

## BULLETIN EN DAGSTUKKE OP JOU SELFOON

**Bulletin:** Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit aan.

**Daaglikse stemboodskap:** Luister na die daaglikse stemboodskappe op jou selfoon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 31 Maart om 15:00

Jeremia 26: Jeremia in doodsgevaar!

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue sal na die skoolvakansie op 11 April om 10:00 in die ou kafeteria-area hervat. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 4 April om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## FEESMARK 2022

- Ons beoog om vanjaar weer ’n volwaardige feesmark, soos laas in 2019, aan te bied.
- **Voornemende uitstallers** kan vanaf 1 April aansoek doen vir Feesmark 2022. Alle aansoeke moet aanlyn gedoen word. Besoek www.stellenberg.co.za om jou aansoek aanlyn te voltooi en in te dien.
- Die feesmarkkomitee is op soek na **vernuftige kokke** wat belangstel om ’n kosstalletjie tydens die feesmark te bedryf. Die kokke moet etes, van hul eie keuse, in die stalletjie voorberei en aan klante bedien.

## AFVALWOL VIR DIE BREIGROEP

Die breigroep is weer volstoom besig om truie, serpe en musse vir minderbevoorregte kinders te brei. Die winter is op pad en hulle handewerk sal tydens die Junie/Julie-uitreike aan minderbevoorregte kinders in die Karoo versprei word. Enige wolbydraes sal baie waardeer word en kan by die kerkkantoor afgegee word.

## HELPERS IN DIE KAFETERIA

Ons benodig helpers wat ongeveer een keer per maand op Sondag-oggende (tydens skoolkwartale) in die kafeteria behulpsaam kan wees. Dit behels die uitpak en wegpak van koppies, koek en eetgoed. Kontak Lindy by lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 indien jy kan help.

## GROEP VIR LAAT TWINTIGS TOT DERTIGS

Indien jy in jou laat twintiger- tot dertigerjare is, sluit gerus aan by ons gesellige groep wat elke tweede Woensdag om 18:30 in die markplein byeenkom. Die kontakpersoon is Jean by 074 616 6587.

## EREDIENSWERKERS

Daar is steeds ’n groot tekort aan eredienswerkers by ons oggend-dienste. Indien jy bereid is om soms diens te doen as ’n eredienswerker, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.